

Sing vooraf staande: Psalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrags van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus
deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1, 2 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Gebed

Psalm 25:2 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Skriflesing: Efesiërs 2

Teks: Efesiërs 2:11-22; Kategismus Sondag 38

Daar is baie twisvrae oor die sabbat waaroor die Kategismus geen antwoord gee nie.
Die Kategismus swyg doodeenvoudig daaroor. Selfs die gebod oor die onderhouding
van die sabbat word nie eers verklaar nie. Daar word net gesê hoe die gelowige
Christen die Nuwe-Testamentiese sabbat moet vier.

In hierdie opsig is die Kategismus onvolledig, want daar word nie eers genoem dat
die sabbat 'n skeppingsordinansie is nie.

- "Skeppingsordinansie" beteken dat die sabbat in die Skepping ingesluit is omdat dit deel van die dinge is wat God gedoen het of tot stand gebring het tydens die skeppingsdae.
- Die Here het die sewende dag self gerus van sy arbeid.
- En met die rus van die Here was die skepping eers voltooi.

In die hele Ou Testament is daar 'n soort van 'n sluier oor die sabbat.

- Vir die Ou-Testamentiese Jode was die sabbat die teken van rus en ook die simbool van verlossing.
- Daar sal eendag 'n ewige rusdag aanbreek, soos wat die sabbat 'n rusdag is. Maar hoe dit sou gebeur het hulle nie presies geweet nie.

Dan begin die Nuwe Testament. Christus kom, en die skaduagtige verdwyn.

- Jesus Christus is vir ons, wat in die Nuwe Verbond lewe, die God van die sabbat,
 - want Hy bewerk die verlossing,
 - en Hy maak dit duidelik hoe die ewige sabbat sal wees – die ewige lewe by die Here in die hemel.
- Dit is anders as wat dit in die Ou Testament was:
 - Die Jode was onder die verpligtinge van die wet.
 - Hulle moes die sewende dag rus.
 - Juis die sewende dag omdat God die sewende dag gerus het na die skepping.
- Maar ons lewe nie meer onder die wet van die Ou Testament nie.
 - Ons lewe onder die genade van die Here Jesus Christus.
 - Hy het hierdie wet van die Ou Verbond vir ons volbring.

Daarom moes die Christelike kerk 'n aanpassing maak.

- Ons moes die sabbat na die eerste dag verskuif om aan te pas by die opstanding van die Here Jesus.
- Dit is een rede waarom ons die Sondag op die eerste dag van die week vier en nie op die sewende dag nie.

Ons sabbat het ook 'n ander betekenis:

- Ons sabbat gee die rus van Christus aan ons.
- In die Ou Testament is daar eers gewerk en dan gerus. Soos by die skepping.
- Maar met Christus word daar eers gerus en dan gewerk, want al die werk is deur Hom volbring.

Ons lees van die rus wat Jesus Christus bied in Matteus 11:28:

Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.
(Matteus 11:28 AFR53)

Daar staan in Efesiërs 2:18 geskryf dat ons almal deur een Gees toegang het tot die Vader.

- Ons kan net in die hemel die toegang verkry deur die Heilige Gees wat deur die werk van Christus na ons toe gestuur is.
- Met ander woorde, die dag van die Vader sal ook net reg gevier word as hierdie Gees ons onder die genade van God leer hoe om op dié dag te rus.
- Die Heilige Gees moet ons sover beweeg dat ons in die krag van die Here Jesus, wat die wet vervul het, en die dood oorwin het, die sabbat reg sal heilig.

Die orde is nou omgekeerd:

- In die Ou Verbond moes die Jode eers werk voordat hulle kon rus
- Ons het die voorreg van die genade van die Here Jesus om eers te kan rus voordat ons werk.
 - Ons het klaar die rus van die oorwinning oor die sonde.
 - Christus het dit vir ons gedoen.

Daarom werk ons nie soos die mense van die Ou Testament om rus te verdien nie. Ons het dit reeds, en daarom kan ons ontspanne werk in dankbaarheid.

- Met ons Sondag vier ons die ewige lewe wat ons ontvang het deur die Here Jesus Christus.
- Ons vier dit op die eerste dag omdat ons daarmee wil bly onthou dat die dood nie meer geldig is nie.
- Jesus Christus skenk aan ons die lewe.
 - En Hy het op die eerste dag van die week uit die dood uit opgestaan.
 - Dit is wat die sabbat van die Nuwe Testament beteken.
- Die sabbat is vir ons 'n dag met besondere betekenis.
 - Net soos wat my liggaam moet rus van harde werk,
 - net so moet my siel ook tot rus gebring word.

Hoe rus ons geestelik? Só:

- Ons is nou vrygemaak van al die wetsverpligtinge. Maar nie so dat dit ons toestemming verleen tot losbandigheid nie!
- Ons is juis vrygemaak van al die wetsverpligtinge sodat ons, sonder verpligting, spontaan gehoorsaamheid kan betoon aan ons Here.
- Daarom moet ons Hom eer op sy dag.
 - Só eer soos wat Hy wil,
 - en nie soos ons eiewilliglik soms doen nie!

Die eerste manier waarop ons die Here op sy dag moet dien, is natuurlik om Hom aan te roep.

- Met ander woorde ons moet in persoonlike kontak met Hom wees. Ons moet kerk hou. Diens hou tot eer van die Here. Want 'n erediens is 'n vergadering van God en sy uitverkorenes.
- Kerk en erediens skool ons sodat ons nader na die Here toe beweeg.
 - Dit maak dat ons die Here werklik leer ken, en Hom kan liefhê.
 - Tydens die erediens hoor ons die Woord van die Here.
 - In die erediens praat die Here self met ons.
 - Hy onderrig ons.
 - Hy leer ons sy genade.
 - Hy leer ons vertrou.
 - MAAR Hy leer ons ook dat sy geduld oor ons beperk is. Dat ons met sy toorn te doen gaan kry as ons Hom haat. En dat ons aan die onaangenaamste kant gaan wees as ons met die oordeel van die Here te doen kry omdat ons nalatig of moedswillig is.

Die Here roep ons deur die prediking. Deur die prediking word die geloof en bekering in ons harte gewerk.

- Daar staan in Openbaring geskryf dat Christus tussen die kandelare van die kerk wandel. Hierdie kandelare is die gemeentes – ons.
- En as ons wil hê dat die kandelaar van ons kerk ook eendag rondom Christus moet staan, dan moet ons op die dag van die Here saam vergader sodat ons daarmee simbolies kan aantoon dat ons nou reeds by Hom is, soos dit eendag sal wees.
- En ook sodat ons sy Woord en belofte kan aanhoor, en die bewys kan lewer dat Christus ook by hierdie kandelaar verbywandel.

Om presies hierdie selfde rede word die sakramente op die sabbat gevier. Hulle verseker die verdienste van Christus en versterk ons geloof.

- Sakramentsbediening en gebruik is ook 'n manier om die Here met 'n lewende geloof aan te roep.
- Dit alles maak van ons 'n biddende gemeente. Dit wat ons ten alle koste moet wees en bly!

Die sabbat self is natuurlik 'n preek. Die sabbat preek dat die tyd in vervulling gaan.

- Daar kom 'n tyd, en dit is in die hemel, dat daar nie meer dae is nie.
- Daar sal net een dag wees, want die heerlijkheid van God sal altyddeur die lig verskaf – een ewige dag met God, waarin ons Hom sal eer en verheerlik.
- Dit sal 'n sabbatdag wees, want ons sal rus van die stryd. Dit sal 'n volmaakte rustyd wees.
 - Ons sal rus van verdriet. Daar sal geen tranes of klagtes wees oor werk nie.
 - Ons sal met feesklere geklee wees, want dis 'n fees om by die Here te wees.
 - Ons sal daar heerlijkheid geniet wat geen oog nog ooit gesien het nie, en wat nog nooit deur enige oor gehoor is nie, en wat ook nog nooit in die hart van enige mens opgekom het nie.
 - Dis die onverwelklike kroon waarvan Paulus praat.

Hoe heilig ons die sabbat? Word ons sabbatheiliging gekenmerk deur 'n rustigheid en 'n soeke na God? Getuig ons manier van Sondagviering dat ons 'n week lank daarna verlang het om weer gemeenskap met die Here te beoefen?

- Deur die week is ons besig met ons beroepswerk, en Sondag is dan net die dag waarvoor ons gewag het om allerhande klein sleurwerkies af te handel.
- Dikwels is daar onnodige werk wat gemaak word vir die Sondag, wat baie maklik kon gebly het.
- Daar is mense wat hoegenaamd niks rus van werk op die Sondag nie. Baie mense gaan doodeenvoudig aan asof dit maar net nog 'n dag is.

Tog moet ons in 'n sekere sin werk op die Sondag.

- Ons moet die Here soek en aanbid – dus nie fisiese werk nie, maar geestelike arbeid.
- Ons het ses dae van die week vir al ons fisiese verpligtinge, maar een dag van die week moet ons ons siel skool in die dinge wat die Here en sy ewige koninkryk aangaan.
- Die manier waarop ons die sabbat onderhou, moet heenwys na die dag wanneer die ewige fees by God begin. Ons moet rus op die manier wat ons eendag in die hemel gaan rus.
- Sondag is die dag van bepeinsing.
 - Dis die dag om jou lewe te ondersoek.
 - Om jouself te toets of jou standaarde en beginsels voldoen aan die eise van God.
 - Dis 'n dag om te dink aan ons foute en om te probeer om dieselfde foute te vermy vir die toekoms.
- Kom ons noem die sabbat op die aarde 'n dag van oefen in waaksaamheid. Waak teen sonde. Skoling in Godskennis en heiligheid sodat ons soveel sterker kan stry teen die sonde.

Doen ons werklik al hierdie dinge op die sabbat? Ons geloof en die erns van ons godsdienste kan in 'n sekere sin getoets word aan die manier waarop ons Sondag vier.

- 'n Leeglêersondag getuig van liggaamlike rus, maar dit getuig ook van 'n leë gees – 'n gees wat afgestomp het en nie meer honger na gemeenskap met God nie.
- Net so getuig al die ander klein werkies – of erger nog, as ons doodeenvoudig aanhou werk soos al die ander dae – daarvan dat ons God glad nie meer ken nie.
- Dit is ook die simbool daarvan dat ons in die ewige “rus” sonder God sal wees, omdat ons lewe nou reeds getuig dat ons in ons rus sonder God die Here is.

Geliefdes, laat ons dan die gebod op die sabbatsviering onderhou na die beste van ons vermoëns.

Kom ons lees Kategismus Sondag 38 saam.

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?

Antwoord: *God wil ten eerste dat die Woordbediening en die godsdiensterig in stand gehou word (a). Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), die Here openlik aan te roep (e) en die Christelike liefdegawes te gee (f). Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe (g).*

(a) Tit 1:5; 2 Tim 3:14; 1 Kor 9:13, 14; 2 Tim 2:2; 3:15. (b) Ps 40:10, 11; 68:27; Hand 2:42.

(c) 1 Tim 4:13; 1 Kor 14:29. (d) 1 Kor 11:33. (e) 1 Tim 2:1; 1 Kor:14:16. (f) 1 Kor 16:2. (g) Jes 66:23.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 10-2 (28B Onse Vader)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,

laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe

die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.

Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Clanwilliam

Datum: 22 Desember 2013